



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

30 Desember 2021

Gedagte vir die week:

Om te glo dat daar 'n maan is, maak nie van jou 'n maanman nie!

Om te glo dat daar 'n God is, maak nie van jou 'n Godskind nie!

Vertrekpunt:

Psalm 14 (sien ook Psalm 53)

Meditasie uit die Woord:

Ons praat vanuit geloofskringe maklik negatief oor sogenaamde ateïste. Ons benoem hulle met die harde woord van godloënaar. Gelowiges gryp graag na tekste soos Psalm 14 (wat net so herhaal word in Psalm 53) om sogenaamde “ateïste” as dwase te beskryf. Dit kan jy nêr doen as jy Psalm 14 vinnige en oppervlakkig lees, want Psalm 14 praat eintlik met “gelowige” dwase, met mense wat wel glo dat God is, maar God buite en in die koue laat. Die harde woorde van Psalm 14 is nie gerig op die ongelowige nie, maar gerig op die koue gelowige wat geloof toelaat in die kop, maar nie in die hart nie. Die uitdaging, uitnodiging, wat Psalm 14 tot ons rig is om ons erkenning dat God is, aan te vul en verder te neem, deur God deel te maak van elke lewenssom. Die koue gelowige wat van God nêr 'n kopding maak verreken God nie in sy daaglike lewensberekening nie. God is nie deel van sy gewone somme nie. Aan die begin van 2022 is Psalm 14 'n goeie teks om lees en te oordink, want dit bring elke gelowige by die mees basiese besluit: Sal ek God in alles verreken? As jy besluit om dit nie te doen nie, noem Ps 14 jou dwaas. As jy besluit om dit wel te doen, en dit dan nie doen nie, is jy ook dwaas. Wees versigtig om Psalm 14 te lees en aan die sogenaamde ateïste te dink ... dink eerder aan en oor jouself. Miskien kan jy sommer Psalm 1 ook lees!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 02 Januarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/dqPUw4qFnlw>

Meditasie uit die Lewe:

Ek het Damon Galgut se boek, *The Promise*, wat *The 2021 Booker Prize* gewen het, onlangs gelees. Dit handel oor vier begrafnisse van een wit Suid-Afrikaanse gesin oor vier dekades. Eers die ma, dan die pa, dan die oudste suster en dan die enigste seun. Al wat oorbly is die jongste suster. In die agtergrond is elke keer 'n ander president aan bewind. Die atmosfeer van elke begrafnis word beïnvloed deur die politieke omgewing van die dag. Soos 'n goue draad deur alles loop die onvermydelike pyn van onverdraagsaamheid, selfverheffing, benoude denke en ongeregverdigde vooroordele wat maak dat 'n belofte nie nagekom word nie. Dit is vernietigend op elke individuele mens en elke verhouding waarin hulle is. Psalm 14 praat van God wat aan die kant van die regverdiges is en dat almal wat onreg pleeg iets vreesliks moet verwag. Ek twyfel soms of dit só is, want ek sien soms die onreg wen. Die boek, *The Promise*, bevestig egter op 'n baie subtiele manier dat geen onreg en onregverdigheid op die lange duur in die geskiedenis oorleef nie. Onreg bring nêr korttermyn wins en voordeel. Dit was goed om *Psalm 14* en *The Promise* saam te lees!

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com